SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Limpopo

SAOU

Nuus-in-die-Branding

☎ 012 436 0900 / 086 072 6843 086 670 3795 saoulim@saou.co.za www.saou.co.za

1 Junie 2015

NUUS IN DIE BRANDING 15 / 2015

LEIERBEMAGTIGINGSGELEENTHEID
LEADERS' EMPOWERMENT OPPORTUNITY

Tema: "Ons is hier om te bly en te bou"
Theme: "We are here to stay and build"

Die Provinsiale Uitvoerende Raad en SAOU (Limpopo) wil 'n hartlike uitnodiging rig aan bestuurspanne van skole en ander belanghebbendes om die bemagtigingsgeleentheid te benut. Kom herlaai die batterye net so voor die Julie vakansie by 'n nuut opgegradeerde oord! Kom ontspan, sosialiseer, vergeet die alledaagse klein jakkalsies! Kom smee nuwe bande en versterk die oues! Julle is hier om te bly, en om 'n verskil te maak in baie lewens. Dis nou julle beurt om verryk te word!

The Provincial Executive Committee and the SAOU (Limpopo) wants to invite all school management teams and other stakeholders to attend the empowerment opportunity. Come and recharge the batteries just before the school holidays in July at a newly renovated resort! Come relax, socialise, and forget the little red herrings of everyday! Come and establish new relationships and strengthen the old ones! You are here to stay, and to make a difference in many lives. It is your turn to be enriched!

Plek Klein Kariba ATKV vakansieoord Waterval-lapa	**Venue** Klein Kariba ATKV holiday resort Waterfall Lapa
Datum Woensdag 24 & Donderdag 25 Junie 2015	**Date** Wednesday 24 & Thursday 25 June 2015
Teikengroep • Skoolhoofde, adjunkhoofde en departementshoofde • SAOU skoolverteenwordigers • Geïdentifiseerde potensiële leiers	**Target group** • Principals, deputy principals and heads of department • SAOU school representatives • Identified potential leaders
Doelwit Bemagtiging, toerusting en sosialisering van en tussen bestuurspanne van verskillende skole.	**Aim** Empowerment, equipping and socialising of and between management teams of different schools.
Taal van aanbieding Oorwegend Afrikaans, alhoewel sommige skyfiereekse in Engels opgestel mag wees.	**Language of presentation** Mostly Afrikaans, though some slide shows may be drawn up in English.
Professionele Ontwikkelingspunte (POP'e) Hoofde, adjunkhoofde en departementshoofde sal kwalifiseer vir 10 POP'e. 'n Sertifikaat sal na afloop van geleentheid aan deelnemers utigereik word. Vir hierdie doel sal twee registers geteken word by aanvang van geleentheid.	**Professional Development Points** Principals, deputy principals and heads of departments will qualify for 10 PDPs. A certificate in this regard will be issued to attendees. For this purpose two registers will be signed at the start of event.

Provinsiale Sekretaris/ Provincial Secretary: Wilma Henn – wilmah@saou.co.za - 083 407 5529
Voltydse Vakbond Verteenwoordiger/ Fulltime Shop Steward: Antoon Coetzee – vvvlim@saou.co.za - 083 301 4349
Provinsiale Admin Assistent/ Provincial Admin Assistant: Ohnie Ferreira – ohnief@saou.co.za - ☎012-436 0905

Program	**Programme**
Die program se hooffokus is persoonlike bemagtiging. Kenners en toonaangewende sprekers is genader om hierdie doelwit te bereik. Sien voorlopige program aangeheg.	The main aim of the programme is personal empowerment. Experts and knowledgeable speakers were approached to achieve this aim. See preliminary programme attached.
Kleredrag	**Dress code**
Netjies informeel	Smart casual
Akkommodasie	**Accommodation**
Elke skool is verantwoordelik om self te reël vir hulle akkommodasie volgens behoefte. Sien aangeheg Klein kariba se brosjure rakende beskikbare akkommodasie. Die laaste kolom (midweek) se pryse is van toepassing. ATKV lede kan lidmaatskap gebruik vir afslag wanneer bespreking gemaak word.	Each individual school is responsible for their own bookings according to their needs. See attached brochure of Klein Kariba of available options. The prices in last column (midweek) is applicable. ATKV members may use membership for a reduction when booking.
Koste	**Costs**
R 550 / lid (BTW ingesluit) R 595 / nie-lid (BTW ingesluit) (Sluit in braai aandete (24/6), laat-ontbyt (25/6), water by tafels en gerieflike fasiliteite. Kursusgangers moet self voorsiening maak vir vroeë ontbyt by oornagakkommodasie.	R 550 / member (VAT included) R 595 / non-member (VAT included) (Includes braai meal for the first evening (24/6), brunch (25/6), water at the tables and comfortable facilities. Attendees must provide for their own early breakfasts in overnight accommodation.
Registrasie	**Registration**
Registrasie en betalings geskied slegs elektronies. Sien onderstaande bankrekening vir betalings. **Kliek hier** om te registreer.	Registration and payments are done electronically only. See the banking details below. **Click here** to register.
Sluitingsdatum vir registrasie	**Closing date for registration**
10 Junie 2015 teen 16:00	**10 June 2015 at 16:00**
Bewys van betaling	**Proof of payment**
Die bewys van betaling moet voor of op **Woensdag 10 Junie 2015 om 16:00** gestuur word aan faksnommer **086 688 8478** of e-posadres **ohnief@saou.co.za**	Please send the proof of payment before or on **Wednesday 10 June 2015 at 16:00** to fax number **086 688 8478** or e-mail **ohnief@saou.co.za**

SAOU BANKBESONDERHEDE / BANKING DETAILS OF THE SAOU

Naam van Rekening / Name of Account: SAOU
Naam van Bank / Name of Bank: ABSA Menlyn
Tipe rekening / Type of account: Tjek/ Cheque
Rekening Nr / Account No: 2310 000 070
Takkode / Branch Code: 632005
NB: Verwysing op depositostrokie / NB: Reference on deposit slip: Lim Leier + Skoolnaam / Lim Leader + School Name

Provinsiale Sekretaris/ Provincial Secretary: Wilma Henn – wilmah@saou.co.za - 083 407 5529
Voltydse Vakbond Verteenwoordiger/ Fulltime Shop Steward: Antoon Coetzee – vvvlim@saou.co.za - 083 301 4349
Provinsiale Admin Assistent/ Provincial Admin Assistant: Ohnie Ferreira – ohnief@saou.co.za - ☎012-436 0905

VOORLOPIGE PROGRAM

Programleier: Mnr Louis Linde (Onder-voorsitter: PUR Limpopo)
Programme leader: Mr Louis Linde (Deputy-chairperson: PEC Limpopo)

Woensdag 24 Junie 2015 / *Wednesday 24 June 2015*:

14:00 – 16:30	Aankoms van kursusgangers / *Arrival of attendees* By aankoms kan kursusgangers die sleutels van voorafbespreekte akkommodasie by ontvangs afhaal. Alle vakansiefasiliteite is beskikbaar, selfs wildritte kan onderneem word. Individue bespreek by ontvangs daarvoor (nie ingesluit by kursusfooi). *Upon arrival, all attendees report at the reception desk of the resort to collect their respective keys of the pre-booked accommodation. All holiday facilities are available, even game drives may be taken. Individuals must book at the reception for this (not included in course fee).*
16:30 – 17:00	Bevestiging van registrasie en ligte verversings by Waterval-lapa. *Confirmation of registration and light refreshments at the Waterfall-lapa.* Kursusgangers kry elk 'n kursuspak by registrasie wat kursusmateriaal en promosie pamflette bevat. *Attendees each receive a course pack upon registration containing course material and other promotional flyers*
17:00 – 17:15	Opening en Verwelkoming (Mnr Louis Linde) *Opening and welcome (Mr Louis Linde)*
17:15 – 17:35	Presidentsrede / *Presidential address* Dr Jopie Breed: SAOU President - sal met kursusgangers gesels oor vakbondsake. *Dr Jopie Breed: SAOU President - will address attendees regarding union matters.*
17:35 – 18:30	Dr Gustav Gous Hoogaangeskrewe motiveringspreker met verskeie optredes op sy kerfstok, asook gereelde radiopraatjies en optredes in die buiteland. *Highly acclaimed motivational speaker with many appearances to his credit, as well as having a regular radio talk show and performances overseas.*
18:30	Ontspanning, braai-ete en kuier / *Relax, braai and socialising.* Kontantkroeg is beskikbaar / *Cash bar available.*

Donderdag 25 Junie 2015 / *Thursday 25 June 2015*
1e sessie/ *1st session*:

7:30 – 7:45	Neem sitplekke in vir 1e sessie *Take seats for 1st session*
7:45 – 8:00	Provinsiale Voorsitter / *Provincial Chairperson* Mnr Albert Swaters, Provinsiale Voorsitter van SAOU (Limpopo) spreek kursusgangers toe rakende provinsiale sake en brandpunte, asook gesprekke met LDvO. *Mr Albert Swaters, Provincial Chairperson of the SAOU (Limpopo) will address attendees regarding pressing matters pertaining to members, as well as talks held with LDoE.*
8:00 – 8:15	Spreekbeurte aan borge *Sponsors address attendees*

8:15 – 8:45	Interne Dissiplinêre prosesse / *Internal Disciplinary Processes* Advokaat Kinny Labuschagne voer die woord oor die hantering van bogenoemde op skoolvlak. *Advocate Kinny Labuschagne will address attendees regarding the process of the above on school level.*
8:45 – 9:30	Teistering, intimidasie en viktimisasie / *Harassment, intimidation and victimisation* Advokaat Kinny Labuschagne sal kursusgangers touwys maak oor die hantering van klagtes rakende bogenoemde aspekte. *Advocate Kinny Labuschagne will lead attendees with ways to handle grievances in this regard.*
9:30 – 10:00	Dr Johan Pienaar Dr Johan Pienaar is bekend vir sy innoverende en motiverende gesprekke. *Dr Johan Pienaar is well known for his innovative and motivational talks.*
10:00 – 10:45	Laatontbyt */ Brunch* Kursusgangers geniet 'n heerlike buffetontbyt wat deur die restaurant voorgesit word. *Attendees enjoy a sumptuous buffet brunch prepared by the restaurant.*

2e sessie / *2nd session*:

10:45 – 11:45	Wegbreeksessie / *Split session* Hier gaan ons die kursusgangers die geleentheid bied om te kies watter een van die volgende gesprekke hulle wil bywoon: Opsie 1: Hoe berei ek myself voor vir bevordering? Opsie 2: Hoe moet ek myself voorberei vir aftrede? *Attendees may choose which presentation they want to attend in this split session:* *Option 1: How do I prepare myself for promotion?* *Option 2: How do I prepare myself for retirement?*
11:45 – 12:00	Spreekbeurte aan borge *Sponsors address attendees*
12:00 – 13:00	'Verloor die toga' - Ds Otto Clasen Ds Clasen is 'n welbekende spreker wat met humor en insig gehore motiveer. *Ds Clasen is a well-known speaker who uses humour and insight when addressing his audience.*

Akkommodasiebeskrywing

HOUTHUISE (20 eenhede): Die 6-bed-eenhede is losstaande selfsorgeenhede bestaande uit 'n hoofslaapkamer met 'n dubbelbed en 'n kamer met twee enkelbeddens. Die houthuise op die dam het 'n dubbelslaapbank vir twee (geskik vir tot en met 14-jariges) in die woonvertrek. Die houthuise in die kloof het twee enkelslaapbanke in die woonvertrek. Daar is ook 'n badkamer en 'n oopplankombuis. Ingesluit is 'n stoof met oond. Hierdie eenhede is ten volle toegerus vir ses persone. Die houthuise op die dam (nr. 1 – 10) se badkamers het 'n bad en die houthuise in die kloof (nr. 11 – 20) het storte. Beide eenheidstipes het lugverkoeling.

BERGHUISE (39 eenhede): Die losstaande 6-bed-selfsorgeenhede is toegerus met twee aparte slaapkamers waarvan die hoofslaapkamer 'n dubbelbed het en die ander slaapkamer toegerus is met twee enkelbeddens of 'n dubbelbed. Die oopplankombuis-woonvertrek het twee enkelslaapbanke (geskik vir tot en met 18-jariges) en die badkamer beskik onderskeidelik oor 'n bad of 'n stort. Die eenhede sluit in 'n tweeplaatstofie of ministoof-en-oondkombinasie. Hierdie eenhede is ten volle toegerus vir ses persone.

BERGHUISE OPGEGRADEER (11 eenhede): Die losstaande 6-bed-selfsorgeenhede is toegerus met twee aparte slaapkamers waarvan die hoofslaapkamer 'n dubbelbed het en die ander slaapkamer toegerus is met twee enkelbeddens. Die oopplankombuis-woonvertrek het 'n dubbelslaapbank (geskik vir tot en met 18-jariges) en die badkamer beskik oor 'n stort. Die eenhede sluit in 'n tweeplaatstofie of ministoof-en-oondkombinasie. Hierdie eenhede is ten volle toegerus vir ses persone.

A 5-BED WOONSTEL (10 eenhede): Die dupleks-5-bed eenhede se boonste verdieping beskik oor twee privaat slaapkamers en 'n badkamer met 'n stort in. Die hoofslaapkamer het 'n dubbelbed en die ander kamer beskik oor twee enkelbeddens. Op die grondverdieping is die oopplankombuis-woonvertrek met 'n enkelslaapbank waarop 'n vyfde persoon kan slaap. Die eenhede is toegerus met 'n tweeplaatstofie en is ten volle toegerus vir vyf persone.

A 4-BED WOONSTEL (8 eenhede): Die 4-bed woonstelle is geleë op die grondvloer van 'n duplekswoonstelgebou. Daar is 'n dubbelbed in die slaapkamer en in die oopplankombuis-woonvertrek is twee enkelslaapbanke. Dit beskik oor 'n tweeplaatstofie en is ten volle toegerus vir vier persone. Die badkamer is toegerus met 'n stort. Die grondvloerwoonstelle het 'n stoepie met 'n braaiplek.

B 5-BED WOONSTEL OPGEGRADEER (18 eenhede): Die dupleks-5-bed woonstelle het 'n slaapkamer en badkamer met 'n stort op die boonste verdieping, asook 'n oopplanslaapkamer waarin twee enkelbeddens geleë is. Die oopplankombuis-woonvertrek is op die grondvloer geleë met onderskeidelik 'n dubbelslaapbank (geskik vir tot en met 18-jariges) of een enkel slaapbank (geskik vir tot en met 18-jariges). Die eenheid is ten volle toegerus vir vyf persone en beskik oor 'n tweeplaatstofie/oond-kombinasie. Elke eenheid het 'n stoepie met braaiplek.

B 4-BED WOONSTEL OPGEGRADEER (12 eenhede): Die 4-bed woonstelle is geleë op die grond- of eerste verdieping van die duplekswoonstelgebou. Die hoofslaapkamer met dubbelbed het 'n en suite-badkamer met 'n stort. In die oopplankombuis-woonvertrek is 'n dubbelslaapbank (geskik vir tot en met 18-jariges) of twee enkel slaapbanke. Die eenheid beskik oor 'n tweeplaatstofie-oond-kombinasie en is ten volle toegerus vir vier persone. Braaigeriewe word gedeel tussen die twee opvolgende woonstelle op die grond- en eerste verdieping.

TENTHUISE (20 eenhede): Dié unieke eenhede verskaf u die ervaring van 'n kampgevoel, maar met die luuksheid van 'n ten volle toegeruste eenheid vir vier persone. Die safari-tenthuis is op 'n betonblad opgerig. Die oopplan-tenthuis bestaan uit een woon-slaapvertrek met 'n dubbelbed en 'n stapelbed. Die badkamer met 'n stort en kombuisie is aangebou en toegerus met 'n tweeplaatstofie-oond-kombinasie. Die eenheid beskik oor 'n verwarmer en is toegerus vir vier persone. Al die eenhede is toegerus met TV's.

C 5-BED WOONSTEL (10 eenhede): Die duplekseenhede beskik oor 'n badkamer met 'n bad, 'n slaapkamer met 'n dubbelbed en 'n stapelbed op die boonste verdieping. Op die grondverdieping in die kombuisarea is nog 'n ekstra enkelbed. Die eenheid is ten volle toegerus vir vyf persone met 'n tweeplaatstofie-oond-kombinasie in die kombuis. Die eenhede beskik oor braaifasiliteite en naby geleë parkeerarea.

VISHOEKHUISIES OPGEGRADEER (9 eenhede): Die opgegradeerde losstaande eenhede bestaan uit een 6-bed- en agt 8-bedeenhede. Die 8-bed-selfsorgeenhede is toegerus met drie aparte slaapkamers waarvan die hoofslaapkamer 'n dubbelbed het, een kamer twee enkelbeddens en die derde kamer twee stapelbeddens slaap vier persone. Drie van die 8-bed eenhede se hoofslaapkamer is toegerus met 'n dubbelbed en die ander twee kamers met stapelbeddens slaap onderskeidellik twee en vier persone. Die 6-bedeenheid is toegerus met twee aparte slaapkamers. Die kombuis beskik oor 'n stoof met oond en die eenhede is ten volle toegerus vir agt persone. Die vishoekhuise se badkamers het storte. Die eenhede beskik oor lugverkoeling.

KAMERS (11 eenhede): Die kamers is direk langs die restaurant geleë en ideaal vir oornaggaste wat etes in die restaurant neem. Die kamers beskik oor 'n dubbelbed en is toegerus vir twee persone met linne en handdoeke. Die en suite-badkamer is uitgelê met 'n stort. Die kamers beskik ook oor 'n klein yskassie, 'n ketel met koppies en glase. Die eenhede het nie kook- of braaifasiliteite nie. Een van die kamers is toegerus met 'n hoekbad in die badkamer.

TEKKIEKAMP/JEUGTENTE (9 eenhede): Tenthuiskompleks wat bestaan uit onderskeidelik vier en vyf tente wat elk 12 persone kan huisves. Hierdie kompleks het sy eie aparte ablusieblok. Beddegoed vir die stapelbedjies word verskaf. Daar is opwasgeriewe en een braaidrom per tent. U moet u eie breekgoed, eetgerei en handdoeke saambring soos vir 'n kampvakansie.

DIAMANT SUITE (1 eenheid): Die losstaande twee slaper eenheid beskik oor 'n kamer met 'n dubbelbed en is toegerus vir twee persone met linne en handdoeke. Die en-suite badkamer is uitgelê met 'n bad en stort. Die kombuis beskik oor 'n stoof met oond en is ten volle toegerus vir twee persone. Die eenheid het 'n kuierarea met DSTV, 'n buite braai, borrelbad asook 'n buitelug stort. Die eenheid beskik oor lugverkoeling. Daar is 'n onderdak parkeerarea vir een voertuig. Addisioneel kan u volle spyseniering versoek in die gerief van die eenheid.

STANDAARD TARIEWE VANAF 1 MAART 2015

Skakel Klein Kariba vir besprekings:
Telefoonnommer: (014) 736 9800
Faksnommer: (014) 736 3457
e-pos: kariba@atkv.org.za
www.atkvoorde.co.za

Skryf aan :
Die Oordbestuurder
Posbus 150
Warmbad
0480

Seisoenbesprekings:
Vir die Aprilvakansie & Paasnaweke - 1 September
Vir die Julievakansie - enige tyd
Vir die Septembervakansie - enige tyd
vir die Desember vakansie - Januarie (sodra skole open)

Eenhede	Tarief 1	Tarief 2	Tarief 3	
	Mrt/Apr skoolvakansie // Okt vakansie // 24 - 26 Apr '15 // 30 Apr - 2 Mei '15 // 7 - 9 Aug '15 // 23 - 26 Sept '15 // 11 Des - 2 Jan '16	12 - 15 Jun '15 // 26 Jun - 18 Jul '15 // 4 - 10 Des '15 // 3 - 9 Jan '16	1 Mrt 2015 - 29 Feb 2016 // Langnaweke en skoolvakansies uitgesluit // Midweek Saamtrek 16 - 21 Aug '15 // Midweek Saamtrek 8 - 12 Nov '15 // Studentejolpakket 30 Nov - 4 Des '15	
			Weekdae	Gewone naweke
6-Bed Houthuis kloof	2100	1680	875	1695
6-Bed Houthuis dam	2100	1680	875	1695
6-Bed Berghuis	1950	1500	670	1595
6-Bed Berghuis Opgegradeer	2100	1680	875	1695
5-Bed A woonstel	1550	1300	600	1400
4-Bed A woonstel	1310	1100	565	1200
5-Bed B opgegradeer	1420	1170	580	1300
4-Bed B opgegradeer	1200	1000	500	1100
5-Bed C woonstel (tot 3 Mei 2015)	850	770	400	770
4-Bed C woonstel (vanaf 7 Aug 2015)	1310	1100	565	1200
8-Bed Vishoek	2600	1900	1200	2000
6-Bed Vishoek	2100	1680	875	1695
Kamers 2 persone	840	740	610	740
4-Bed Tenthuise	1140	995	455	1000
Tekkiekamp Jeuggroepe	1200	840	600	840
Kampering				
Kampering met krag - 6 persone	650	430	125	430
Kampering met skadunet/krag/ rioolkoppeling - 6 persone	780	605	225	490
Midweek saamtrek pakket			1400	

STUDENTE-JOL huisvesting R1200

STUDENTE-JOL kampering R770

Dagbesoekers (slegs ATKV-lede) betaal R53 per voertuig,
R84 per volwasse persoon
Ekstra persoon: R84 // Ekstra voertuig: R53

Konferensiepryse beskikbaar op aanvraag
Administratiewe heffing: Enkelbespreking - R65; Groepbespreking - R123
Tariewe onderhewig aan verandering sonder vooraf kennisgewing
Bogenoemde tariewe is die prys per nag
VERMAAKHEFFING: R25 PER DAG PER BESPREKING TOT MAKSIMUM R250

KLEIN-KARIBA

ATKV Oorde